

Waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 4, NO 8, AUG 1998

Praat is noodsaaklik

Die meeste kerkrade het seker al die skrywe van die kuratorium gekry in verband met hulle hantering van die polemieks tussen die teologiese professore. Ons kan ons dank uitspreek dat die kuratorium wel die saak op die wyse hanteer het en dat die rus in die gemeentes bewaak wil word.

Maar een saak moet nie uit die oog verloor word nie. Die saak is nog nie afgehandel nie. Om 'n oproep te doen vir vrede is tydig, maar as daardie vrede beteken dat daar nie gepraat gaan word oor hierdie wesenlike hermeneutiese en eksegetiese verskille nie, word die vrede in die kerk juis op die lang duur bedreig.

Daar is iets wat gevaarliker en meer skadelik vir die kerke is, as die openbare polemieks van die professore. En dit is 'n geduldige handhawing van verskillende hermeneutiese uitgangspunte in die kerk. As ons sou sê: "Bewaar die vrede, moenie openlik met mekaar praat en verskil nie, dit verontrus die gemeentes", maar ons spreek nie die verskille aan nie, gaan die kloof uiteindelik onoorbrugbaar word. Die tyd vir praat, is nou rustig, geduldig kalm maar ook met beslisheid.

Ons moet praat vanuit een fondament: Jesus Christus, die Hoof van sy kerk. Daarom is daar 'n grens aan geduld. Wie by die belydenis waarop ons ooreengekom het bly, naamlik, dat ons eenheid juis daarin uitgedruk is, moet daardie belydenis handhaaf. Die waarheid eis dit. Wie nie met die belydenis saamstem nie, se woorde en daade moet met mekaar ooreenstem. Wat gepreek word, wat gepubliseer word, wat vir

teologiese studente gedoseer word, moet op dieselfde fondament rus. Een van sin, een van Gees. Dit bring rus terug in die kerk.

Ons mag nie verval in 'n situasie waar verskille - ten opsigte van ons belydenis - geduld word, terwyl albei kante nog onder die gereformeerde banier staan nie. Laat ons sê wat ons bedoel. Waar afgewyk word van die belydenis moet dit uitgewys word. Anders het die belydenis, en ons strewe na die beleving van ware kerkeenheid geen sin nie. Die vrede van Christus, en die vrede om te swyg oor belydenisaanranding is nie dieselfde nie. Ons moet aanhoudend praat, dit is noodsaaklik, want geduld is nie grensloos nie. Geduld raak op sodra van die vaste fondament af weg beweeg word, want dan word van Jesus Christus, die Woord van God af wegbeweeg.

Van die redaksie.

Intekengeld

Die redaksie wil graag al die intekenare bedank wat getrou hulle intekengelde instuur. Ons wil graag ook 'n beroep doen op diegene wat nou al 'n geruime tyd ons blad ontvang, en dalk nog nie die rekening vereffen het nie, om dit so gou as moontlik te doen.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

Redaksie:

Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

Medewerkers:

Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

Redaksie-adres:

Ds ALA Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380
Tel (01782) 2480

Administrasie-adres:

Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

Intekengeld:

R 50 per jaar

Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031

SKRIFOORDENKING

Die vaste profetiese woord

Teks: 2 Petrus 1:19-21

En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.

Toe die apostel Petrus hierdie woorde neergeskryf het, was hy reeds 'n ou man. Hy het reeds

gewet dat die einde van sy lewe naby is. Of hy gewet het dat hy daar in Rome 'n marteldood sou sterf, soos wat uiteindelik gebeur het, weet ons nie. Maar met sy dood voor oë skryf hy hierdie laaste brief, byna soos 'n laaste testament, aan sy broeders en susters in die geloof, aan die kerk.

En watter droewige omstandighede wag daar vir die kerk! In sy brief voorsien Petrus dat hulle die prooi gaan word van allerlei dwaalleraars, mense wat die kerk van die gesonde leer wil wegrokkel

1 Redaksioneel

Praat is noodsaaklik

1 Skrifoordeking

*Die vaste profetiese
Woord*

Prof. G.J.C. Jordaan

4 Fokus

*Die gesag van die
Heilige Skrif*

Prof. J.D. du Toit (Totius)

6 Op pad na sinode 2000

*Kerklike eenheid in
verskeidenheid*

Dr JG Meijer

11 Mediese etiek

Kloning ?

Dr JM Boon

12 Boekrak

Gustav Opperman

agter valse leringe aan. En hulle gaan dit ook baie effektief doen, want hierdie dwaalleraars is mense wat indruk maak met die baie oortuigende manier waarop hulle hul versinsels aanbied - "kunstig verdigte fabels" noem die apostel dit in vers 16.

Is dit die kerk wat die apostel nalaat? 'n Prooi vir die dwaalleraars met hulle onwaarhede en versinsels? Nee, Petrus skryf hierdie laaste brief juis om die gelowiges aan te spoor om - teen alle dwaalleringe in - aan die waarheid vas te hou, om vas te staan in die waarheid wat hy en die ander apostels aan hulle verkondig het. Hoe kan die gemeente seker wees dat die apostels die waarheid aan hulle verkondig het? Daar is drie redes. Hierdie drie redes word in verse 16 tot 19 deur die apostel genoem.

Oor en ooggetuie

In die eerste plek sê hy in vers 16: "Ons was aanskouers van sy majesteit. Met ons eie oë het ons Hom in sy majesteit gesien." Hiermee verwys Petrus na die dag toe hy en Jakobus en Johannes gesien het hoe Jesus deur God op die berg verheerlik word. Hulle was ooggetuies, nie net van sy verheerliking nie maar van alles wat Jesus gedoen het toe Hy sy Messiaanse werk op aarde kom voltooi het. En as ooggetuies was hulle getuienis betroubaar, betroubaar en waar.

Nie net ooggetuies nie, maar ook oorgetuies. Want, sê Petrus in vers 18, "ons het ook God se stem uit die hemel hoor kom toe Hy Jesus verheerlik het". En daarmee gee hy ook die tweede rede aan waarom die apostels se getuienis betroubaar en waar is. Hulle was oorgetuies! Met hulle eie ore het hulle gehoor wat God die Vader daar op die berg van verheerliking gesê het, en ook wat die Seun as die Gestuurde van die Vader alles gesê het toe Hy vir drie jaar lank met hulle op aarde was.

En nou die derde rede. Dié gee Petrus in vers 19: "En", skryf hy, "ons het die *profetiese woord* wat baie vas is". Watter profetiese woord? Die 1983-vertaling maak dit duidelik deur te vertaal: "die boodskap van die profete", dit wil sê die boodskap wat God in die Ou Testament deur die profete bekend gemaak het. Die apostels se prediking is dus betroubaar omdat dit aansluit by die Ou Testament, dit is by die geskrewe woord van God. Hierdie profetiese woord, sê hy, "is baie vas". So vertaal die 1953-vertaling, dink ek heeltemal korrek. Die woord van die Here soos Hy dit laat opteken het, is baie vas. Daar kan geen twyfel oor sy woord bestaan nie. Vas en onveranderlik: dit mag nie verander of verdraai word nie.

En wat Petrus hier van die Ou Testament sê, geld net so van die geskrifte van die Nuwe Testament, wat op daardie stadium natuurlik nog in wording was. Want hoor net wat skryf hy in 3:15 van die briewe van Paulus. Hy skryf: "Ongeleerde en onvaste mense verdraai dit, net soos die ander Skrifte, tot hulle eie verderf". Ook Paulus se briewe, en desgelyks ook die ander boeke van

die Nuwe Testament, is net soos die profetiese woord, vas en seker.

Waarom is dit so vas en seker? In vers 21 skryf Petrus die woorde wat so belangrik is vir ons belydenis aangaande die Kanon, wat in artikel 3 van die NGB feitlik woordeliks aangehaal word en wat so 'n kosbare plek in die gereformeerde teologie inneem: "Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek". Daarom is die Bybel vir ons onbetwisbaar vas en bestaan daar by ons geen twyfel oor die onweerlegbare waarheid daarvan nie. Omdat dit wat mense daarin neergeskryf het nie uit mense kom nie, maar deur die inspirasie van die Heilige Gees vir hulle in die hart en gees en verstand gelê is.

So stel Petrus aan sy lesers die gronde waarom sy getuienis en die van die apostels vas, seker is: dit is naamlik gegrond op oog- en oorgetuienis, en dit is saam met die Ou Testament die geïnspireerde Woord van God wat baie vas is.

Daarom kan die gelowiges - hulle destyds daar in Klein-Asië aan wie Petrus sy brief geskryf het, maar ook die gelowiges van alle tye - ook ons, aan die Bybel vashou as die absoluut vasstaande en betroubare waarheid wat van God self kom.

Maar daarmee is die laaste woord nog nie gespreek nie. Want wie met die vrae en kwellinge van sy lewe na die Bybel toe gaan, kom gou agter dat hy nie op alles klinkklare antwoorde in die Bybel kry nie. Nie net met ons elkeen se persoonlike lewensvrae is dit so nie, maar ook met allerhande vraagstukke waarmee die kerk deur die eeue heen worstel - die Bybel gee nie vaste antwoorde nie. Dink maar aan ons eie Nasionale Sinodes se worsteling om antwoorde oor die wyse van nagmaalviering te kry. Geen duidelike vaste Skrifuitsprake hieroor nie. Wat nou van die vastigheid van die Bybel? Of moet ons maar volstaan met dit wat wel vas is, en dit wat nie uitdruklik daar staan nie maar as onvas beskou om maar aan menslike willekeur oorgelaat te word?

Die woorde van vers 19 lei ons na 'n antwoord toe. Op die profetiese woord wat baie vas is, moet ons ag "gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn". Met beeldspraak, deur 'n vergelyking met 'n lamp wat lig gee, word verduidelik hoe God deur sy woord ons oor dinge wat vir ons onduidelik en onvas lyk, na duidelikheid en vastigheid lei. "Soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn ...". Kom ons dink net vir 'n oomblik aan wat hierdie beeld sê.

Sonder 'n lamplig verdwaal 'n mens maklik in die donker en kan jy jou straks verongeluk, want jy kan nie die struikelblokke rondom jou raaksien nie. Maar in die ligstrale van die lamp kan jy sien waar die pad loop en watter struikelblokke bestaan. Die lamp sê nie vir jou waar om te loop nie. Jy moet self besluit. Maar die ligstrale van die lamp maak dit vir jou moontlik om verantwoordelike besluite te neem. So is die Bybel ook soos 'n lamp wat ons donker

lewenspad verlig. Oor die baie vraagstukke van ons lewe gee dit dikwels nie klinkklare antwoorde nie. Dit sê nie watter beroep jy moet kies, of watter lewensmaat of watter huis jy moet koop nie. Maar in sy Woord maak God aan ons bepaalde beginsels bekend, soos roeping en vertroue op God en sy liefde, beginsels wat soos ligstrale vanuit sy woord ons lewenspad voor ons uit verlig. En in die lig van daardie beginsels besluit ons dan in geloofsverantwoordelikheid wat die regte pad is om te kies en wat die struikelblokke is om te vermy. So bring die Here deur sy Woord ook vastigheid in ons alledaagse bestaan.

Hoe weet ons

Die vraag is nou: hoe weet ons of ons die ligstrale van die Woord reg sien? Met ander woorde: is ons afleidings uit die Skrif nie op die ou einde tog maar blootgestel aan ons eie willekeur nie? Die antwoord op hierdie vraag is baie belangrik vir elkeen van ons wat die Woord van die Here moet verkondig. Is my eie uitlegging van die Skrif bloot maar 'n willekeurige saak? Iets wat op eie insig berus? Mag ek my eie uitleg van die Skrif met vrymoedigheid aan die gemeente voorhou as dit wat God aan die gemeente sê of nie?

In vers 20 skryf Petrus: "Iulle moet veral dit weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie". Hiermee verskuif hy die fokus na die uitleg (die epilysis) van die Skrif. En spesifiek die uitleg met die oog op profesie. Hier verwys "profesie" myns insiens nie meer na die Ou Testamentiese profesieë nie, maar na profesie soos dit dikwels in die Nuwe Testament bedoel word, naamlik die prediking. Dink maar aan die bekende 1 Kor. 14:3 waar Paulus skryf: "Hy wat profeteer, spreek tot mense woorde van troosting en stigting en bemoediging".

Oor hierdie profesie gaan dit ook hier in vers 20. Geen profesie, geen Woordverkondiging, kan reg geskied as dit maar op eie uitlegging berus nie. Wat nodig is, is dat hy wat die Skrif uitleg, dit sal doen met die leiding en verligting van die Heilige Gees. Die Gees wat die Bybelskrywers geïnspireer het om nie hulle eie gedagtes nie maar God se woorde neer te skrywe, daardie selfde Gees lei en verlig ook die Bybeluitlegger sodat hy nie maar sy eie uitlegging gee nie, maar die uitleg wat die Gees daaraan wil gee. In die Kanoniek sê ons: die Heilige Gees is die Eintlike Outeur van die Bybel en ook die Eintlike Verklaarder daarvan.


Dit beteken dat niemand kan waag om die Skrif uit te lê en daardie uitleg aan die gemeente te verkondig as die Heilige Gees nie in hom woon en werk nie. Daarmee word onderstreep dat ons eerste taak as predikante is om in ons persoonlike geloof te bly groei en in 'n lewende verhouding met God te leef. Biddend leef en werk, dat God deur sy Gees ons sal lei en aan ons sal gee om sy Woord reg te verstaan.

Maar hoe gee die Gees dit aan ons? Vir 'n

antwoord hierop moet ons terugkeer na die beeld van die lamp wat op die donker plek skyn. As 'n mens uit 'n helder verligte huis in die donker uitstap, met net 'n lamp by jou, lyk sy lig vir die eerste ruk vir jou maar betreklik dof. Sy ligkring lyk vir jou maar baie klein. Maar hoe meer jou oë aan die lamplig gewoon raak, hoe helderder skyn die lamp vir jou en hoe wyer word sy ligkring. Ek dink 'n mens kan dit ook toepas oor hoe die Gees ons lei om die Bybel uit te lê. Hoe meer blootstelling 'n mens aan die Bybel kry, hoe meer jy daaraan gewoon raak om jou pad in die lig van die Bybel te soek, hoe duideliker word sy strale vir jou en hoe wyer kring sy lig in jou lewe uit.

Toegepas op ons taak van Skrifuitleg: die Heilige Gees lei en verlig ons gees om die Bybel uit te lê juis deur ons meer en meer aan die Bybel bloot te stel. Dit kom neer op harde werk van volgehoue Skrifondersoek en deeglike eksegeese. Wat 'n duielingwekkende taak. Wat 'n heerlike troos. Harde werk, maar solank ons dit in biddende geloofsafhanklikheid aanpak, weet ons dat ons die uitleg wat ons in die prediking aan die gemeente voorhou, nie 'n saak van eie uitlegging is nie, maar die uitleg is wat die Gees van God aan ons gee.

Vanuit hierdie wete kan ons met vrymoedigheid die profetiese taak waartoe die Here ons roep aanpak en enduit deurvoer, selfs te midde van die kwaaieste aanslae teen die kerk van die Here soos die wat die apostel Petrus in sy brief voorsien. In dankbaarheid weet ons dat dit wat ons preek, kan standhou. Dat dit nie in die lug hang nie, maar vas en seker is. Omdat Hy wat ons roep en lei en toerus aan ons sy Woord gegee het wat vas en seker is en omdat Hy deur die krag van sy Gees dit tot die einde toe as vas en seker sal bewaar.



FOLMER BOEKHANDEL

19e laan 283, 0186 Villieria
Tel/Faks 012 - 329 0031
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-pos: rvd@smartnet.co.za

HEILIG VIR DIE HERE

tien preke
oor die amp van alle gelowiges
deur

Ds GJ Meijer
van die Gereformeerde Kerk
Wonderboompoort.

Praktiese, indringende preke
uitermate geskik vir leesdienste
maar ook vir Bybelstudie.

Prys R22.90 (BTW ingesluit).
Versendkoste R6.00

Die gesag van die Heilige Skrif

As ons bewyse moet lewer vir die Christelike waarheid, word die Skrif aangehaal. Dit is dan die einde van alle teësprak. Waarom? Wel, omdat die gelowige die Skrif erken as die Woord van God en bygevolg as die absolute gesagsbron.

Nou kan egter die verdere vraag gestel word: Waaraan ontleen die heilige Skrif sy aansien en gesag? (vgl. die opskrif van die Belydenis by art. 5); m.a.w. op matter grond steun die onfeilbare gesag van die Skrif?

Ons Belydenis spreek eers van die kanonieke boeke van die Bybel.

Daaronder word verstaan die boeke "waar niks teen gesê kan word nie" (art. 4). En dan word in art. 5 die vraag beantwoord: Waaraan ontleen die heilige Skrif sy aansien en gesag? Dit is die onderwerp waarvoor nou gehandel moet word.

Ons begin met die gronde waarop die gesag van die Skrif prinsipiële nie kan rus nie.

Die oorlewering.

Die oorlewering of tradisie aangaande die Skrif, wat uit die oudste kerk afkomstig is, kan as laaste grond vir die Skrifgesag nie aanvaar word nie.

Ten eerste is dié oorlewering nie onfeilbaar nie. Allerlei dwaling in verband daarmee kon in die loop van tyd ingesluip het. Die oorlewering self moet, sover dit nog moontlik is, aan 'n strenge keur onderwerp word. Ten tweede is die ouderdom van 'n boek, gestel dat dit bewys kon word, op sigself nog geen maatstaf om dit in die kanon of Bybelgeheel in te lyf nie (vgl. art. 7 van ons Belydenis). Ten derde sou ons, feilbare mense, moet bepaal hoe lank die oudste tyd moes geduur het. En, ten vierde (dit is die hoofbeswaar), met dit alles gaan ons die feilbare mens aanstel om uit te maak wat die Woord van God is en wat nie, m.a.w. ons plaas die mens by die Skrif!

Nee, die verdienste van die oorlewering lê in iets anders. Dit was die middel waardeur die Bybel van geslag tot geslag oorgedra is, en die kerk het van eeu tot eeu die Bybelboeke ontvang met die mededeling dat dit die geënspireerde boeke is. Daarom word die tradisie dan ook hoog geag. Maar as kengrond vir die Skrifgesag kan die oorlewering nie in aanmerking kom nie.

Die apostolisiteit.

Die ander grond kan ook nie geld nie, naamlik dat 'n boek kanonies is of tot die Bybelboeke behoort omdat dit apostolies is. Hierdie kenmerk het natuurlik alleen betrekking op die Nuwe Testament. Al weer dieselfde beswaar: ons feilbare ondersoek na apostolisiteit kan nie die werk van God aangaande die Skrif beoordeel nie. Daarby kom dat van sommige boeke van die

Nuwe Testament die apostoliese herkoms nie bewysbaar is nie. Van die Hebreërbrief, byvoorbeeld, weet ons nie wie die skrywer was nie.

Historiese argumente.

Ons moet by die hoofvraag aangaande die Skrifgesag ook alle historiese, aan die geskiedenis ontleende, argumente afwys. Nogmaals dieselfde beswaar: die werk van God kan van ons feilbare historiese ondersoek nie afhanklik gestel word nie. Bowendien: vir die bewering dat byvoorbeeld die ontstaan van die Nuwe Testament geskiedkundig bewys kan word, is die gronde nie voorhande nie.

Ons weet ook van geen enkele kerkvergadering wat hom met die afsluiting van die kanon, d.w.s. van die Bybelgeheel, as vraagstuk besig gehou het nie. Die Sinodes van Hippo Regius (393) en Carthago (397), die eerstes waarop 'n boekelys van die Skrif saamgestel is, hou hulle nie met die kwessie van gesagsgronde besig nie maar registreer net die name van die boeke wat alreeds as Bybelboeke erkenning verlang het. Dié Sinodes bewys nie, hulle bely en bewaar net.

Die outoriteit van die kerk.

Calvyn het al gesê: Dat die heilige Skrif die Woord van God is, staan nie vas deur die kerk nie maar het vasgestaan voor die kerk se besluit; want die kerk is gegrond op die fondament van die apostels en profete (vgl. dr. H. Bavinck, Dogm. I, bl. 626). Ons kan ons dus vir die vasstelling van die Skrifgesag nie op die outoriteit van die kerk beroep nie. Natuurlik bly dit teenoor ongeloof en twyfel, wat menigvuldig in die wêreld is, 'n hartsterkende gedagte dat die kerk van alle eeue die Goddelikheid van die Skrif bely het. Ook in hierdie opsig is daar 'n "wolk van getuies" wat ons omring om ons te versterk. Ons staan nie alleen met ons Skrifgeloof nie. Maar in laaste instansie kan ons belydenis aangaande die Skrifgesag nie steun op die kerk nie, omdat die kerk self gedra word deur die outoriteit van die Skrif. Hierdie en dergelike bewysvoeringe en argumente het wel hul waarde, wat ons nie wil verkleineer nie. Maar hulle is alleen van waarde vir die gelowiges, d.w.s. vir diegene wat alreeds glo dat die Bybel die Woord van God is. Hulle kom nie om ons tot dié geloof te beweeg nie (dit kán hulle nie) maar om ons in die alreeds voorhande geloof te versterk. Kom die teëstander met sy bewyse, ons het ons teëbewyse. Ons kan hom op gelyke platform ontmoet en met sukses weerstaan. Maar ons moet nie dink dat dáármee die teëstander oortuig en tot die geloof beweeg sal word nie. Ja, die gelowige self kom nie dááardeur tot sy Skrifgeloof nie. Alles wat van dié kant aangevoer kan word, is vir ons getuigenisse vir die waarheid van ons geloof, maar geen bewyse nie.

Die posisie teenoor die teëstander word in hierdie woorde deur prof. Greydanus duidelik gestel: "Ons kan aantoon waarvoor die heilige Skrif hom uitgee, wat hy van homself pretendeer (nl. dat hy die Woord van God is)... Ons kan ook allerlei bybring wat die waarheid van hierdie selfgetuïenis kan steun. Maar wetenskaplik bewys dat hierdie selfgetuïenis (van die Skrif) waar is, sodat elkeen met logiese noodwendigheid gedwing word om dit aan te neem, dit vermag ons nie..."

"Maar," so gaan prof. Greydanus voort, "nog minder kan iemand wetenskaplik bewys dat die selfgetuïenis van die heilige Skrif onwaar is. Ook die verwerping van die selfgetuïenis van die heilige Skrif... is 'n saak van geloof, nie van wetenskaplike bewys nie" (Schriftgeloof en Canoniek, bl. 11).

Dit is dus duidelik dat ook die teëstander hom in laaste instansie nie laat lei deur sy bewysvoeringe nie maar deur sy geloof, d.w.s. sy onwilligheid om die duidelike getuïenis van die heilige Skrif, van Genesis tot Openbaring, aan te neem dat die Bybel die Woord van God is.

Die getuïenis van die Heilige Gees.

Hoe kom die gelowiges tot aanvaarding van dié getuïenis? Ons belydende vaders het in hul Belydenis (art. 5) die antwoord in enkele woorde neergeskrywe. Die Skrif is vir ons die Woord van God, sê hulle, "omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle (die Bybelboeke) van God is".

Laat ons nou hierdie gekursiveerde woorde in hoofpunte oorweeg.

Op die regte verstand daarvan kom dit nou aan.

- (1) Die eintlike getuïenis vir die Goddelikheid van die Skrif is die getuïenis wat die Skrif self gee, naamlik dat dit die Woord van God is. Dit is en bly die Woord van God al sou geen mens dié getuïenis aanneem nie. 'n Diamant is weens sy inwendige samestelling 'n diamant, en dit bly 'n diamant al lê dit ook duisende jare in die aarde verborge.
- (2) Van nature kan die mens die koninkryk van God nie sien nie (Joh. 3:3): Hy kan die heilsfeite en heilswaarhede nie waarneem nie. Daarom verwerp hy die Bybel as die Woord van God.
- (3) In die wedergeboorte word in die gelowige die geestelike vermoëns herstel en deur die Heilige Gees aktief gemaak. Dan is dit dat dié Gees met ons gees getuig dat ons kinders van God is (Rom. 8:16).
- (4) Hierdie getuïenis betref nie net die Goddelikheid van die Skrif nie. Dit sê ons dat ons kinders van God is en dus deel het aan alles wat God aan sy kinders kenbaar gemaak het, soos bv. dat God drie-enig is, dat Christus as die Verlosser gekom het, dat die Heilige Gees uitgestort is in die gemeente, ens.

- (5) Die eintlike grond vir ons geloof aan die Skrifgesag is dus die selfgetuïenis van die Skrif (vgl. punt 1), maar die getuïenis van die Heilige Gees is die middel om ons tot die geloof te beweeg.
- (6) Hierdie getuïenis is geen aparte stem wat tot ons kom buitekant die Woord om nie, maar dit kom uit en deur die Woord. Die Heilige Gees open ons oor sodat ons dadelik as God spreek, sy stem herken. Watter kind is daar wat nie die stem van sy vader ken nie?
- (7) Hierdie getuïenis gee onmiddellike sekerheid en gaan nie langs die omweg van bewysvoering nie. Daarom het ons al die argumente en redeneringe wat in die begin van hierdie artikel opgesom is, nie nodig nie as dit op die laaste grond van ons Skrifgeloof aankom.

Die goeie reg van ons standpunt. Die teëstander sal aan ons sê dat ons uitgaan van 'n beginsel, nl. dat die Bybel die Woord van God is en dat die Heilige Gees daarvan in die harte van die gelowiges getuïenis gee; maar, sal die teëstander daaraan toevoeg, julle moet ons éérs die deugdelikheid van die beginsel bewys wat julle as uitgangspunt gekies het.

Ons antwoord is: Nee. Elke wetenskap gaan uit van beginsels waaragter 'n mens nie kan terugryp nie, wat nie bewys kan word nie. Sonder sulke beginsels, as punte van begin, is geen wetenskap moontlik nie. Waarom moet dan net vir die Godskennis 'n uitsondering gemaak word?

As die teëstander ons bevooroordeelde noem vanweë ons uitgangspunt, dan sê ons dat dit net so bevooroordeelde is om die Bybel aan te sien as 'n boek wat gelykstaan met ander boeke, terwyl dit tog self sê dat dit die Woord van God is. Dit is hier nie 'n saak van wetenskap en geloof nie, maar van geloof en ongeloof wat teenoor mekaar staan.

Die outoriteit van die Skrif rus dan ook, soos alle beginsels, in sigself en is vir geen bewys vatbaar nie. Die Skrif moet geglo word om sigself. Dit is nie onwetenskaplik nie. "Die band van die siel aan die Skrif as Woord van God lê agter die bewussyn en onder die bewyse; dit is mistiek van aard net soos die geloof aan principia (beginsels) in die verskillende wetenskappe" (Bavinck, Dogm. I, 634).

As iemand die lig sien, soek hy daarvoor geen bewys nie. Hy sal u sê: Ek weet dat daar lig is, want ek sien dit. Hoe weet 'n lammetjie, al van die eerste dag af, dat sy ma sy ma is? Wel, omdat dit sy ma is! So ook weet die gelowige dat die Bybel die Woord van God is, want hy hoor daarin die stem van God.

Die verskillende wetenskappe het wel, volgens hul verskillende aard, verskillende soorte beginpunte en verskillende metodes waarvolgens gewerk word, maar in die grond van die saak is dit, soos prof. Bavinck sê: Die geloof aan die grondbeginsels is altyd mistiek van aard.

Dr JG Meijer
Pretoria

Die Gereformeerde Kerke in ons land kom sedert 1964 in algemene sinodes byeen.¹ Die Sinode van 1997 het opnuut oor die manier van kerklike samelewing besin. Die besinning het op 'n besluit uitgeloop: Die Sinode stel aan die volgende sinodes van Venda en Die Middellande voor om saam die struktuur van ons kerklike samelewing drasties te verander.²

¹ Vgl. *Handelinge van die 35ste Sinodale Vergadering van Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, 1964, pp. 24: g-270 en KO art 51

Die getuienis van Christus.

Die aanspraak wat die Skrif maak dat dit die Woord van God is, word ten volle deur die outoriteit van Christus gedek. Glo ons in Christus as ons hoogste Profeet, dan moet ons ook sonder twyfelingsy woord aangaande die Skrif aanneem.

Van die Ou Testament het Hy gesê: "Dit is dié (die Skrifte) wat van My getuig" (Joh. 5:39). "Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle (die Emmausgangers) uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het" (Luk. 24:27). Die Ou Testament is die onfeilbare Woord van God aangaande die verlossing wat aan kom was, en daarom moes dit in Christus vervul word.

Ook die Nuwe-Testamentiese Skrifte het Hy gewaarmerk deur aan sy apostels te sê: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees" (Hand. 1:8). "Wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei" (Joh. 16:13).

Waaroor gaan die gesag van die Skrif? Dié gesag gaan oor alles. Dié punt is deur die skrywer van hierdie stuk breër uitgewerk in sy brosjure *Die Bybel is die Woord van God* (No. 1 van die Verkennerreeks). Daarheen word die belangstellende leser verwys. Ons sal hier alleen oorskrywe die woorde van ds. J. Verkuy, wat daar uit sy brosjure *Evangelisasie* onder hoogere standen (bl. 30, 31) aangehaal is. Hy sê dat die verkondiging van die evangelie totalitêr moet wees, d.w.s. Jesus Christus roep ons in die Bybel op tot geloofs gehoorsaamheid op alle fronte van die lewe.

En dan bestry hy 'n dwaling wat ook onder ons sy triomfe gevier het, wat in die algemeen met die naam "metodisme" aangedui kan word. Hy sê: "Een van die bedenklikste verskynsels in die situasie van die hedendaagse Christendom is dat daar soveel "Christene" is wat die konsekwensies van hul geloof nie sien vir hul hele lewensopenbaring op alle gebiede waarin God hulle plaas nie.

So 'n Christendom moet op 'n vergissing berus. Die vergissing skyn my hierin te lê dat die Evangelie aan sulke mense alleen as 'n gemoedsaak gebring is en nie duidelik genoeg aangedring is op bekering oor die hele linie van die lewe nie. Die enigste moontlikheid om dié gevaar te besweer, is 'n egte Calvinistiese, d.w.s. totalitêre (allesomvattende) verkondiging van die Woord van God, waarin opgeroep en saamgestry word om die erkenning van Christus as Here in alle situasies en funksies van die lewe".

Dit is mooi gesê. Maar om Christus as Here oral en altyd te erken, moet ons buig onder die gesag van die Skrif wat oor ons hele lewe en oor alles gaan.

Helaas, baie van die ellende wat ons in ons volksbestaan belewe het, kom daaruit voort dat die evangelie onder ons "alleen as 'n gemoedsaak" verkondig is. Dit het tot gevolg gehad dat die Bybel, die gesagdraer, van die publieke lewensterreine ôf geheel ôf gedeeltelik uitgesluit is. Dit is inderdaad 'n droewe toestand, gesien dat ons op die kwalifikasie "Calvinisties" graag ons aanspraak laat geld. Mag dit nou eenmaal en eindelijk onder ons anders word!

OP PAD NA SINODE 2000

KERKLIKE EENHEID IN VERSKEIDENHEID

Hoe lyk die veranderde kerklike samelewing wat ons laaste Sinode voorstel?

Die voorgestelde kerkverband

Kerke binne verskeie klassikale gebiede van ons nasionale sinodale verband verskil in 'taal en kultuur'. Ek stel ter verduideliking van die Sinode-voorstel die voorbeeld van Afrikaans- en Zulu-sprekende kerke binne die ressorte van 'n aantal klassisse. Die Sinode het besin oor die vraag: Hoe behoort die kerke wat in 'taal en kultuur' verskil, in 'n kerkverband saam te lewe? Hy stel voor: Hulle kom afsonderlik sowel as gemeenskaplik byeen. Afrikaans- en Zulu-sprekende kerke kom in so 'n ressort in 'n afsonderlike 'Afrikaanse' en 'n 'Zulu Klassis' saam. Weens hul naburigheid kom die Afrikaans- en

Zulu-sprekende kerke ook in 'n gemeenskaplike 'gebiedsklassis' byeen.

Dieselfde manier van samelewing is ontwerp vir die samekomste van kerke in die wyer gebied van die bekende partikuliere sinodes. Die afsonderlike klassisse, in die verband van my voorbeeld die 'Afrikaanse en Zulu klassisse', vaardig broeders af na die 'Afrikaanse' en 'Zulu-sinode'. Daar is nie 'n meerdere vergadering van hierdie afsonderlike 'sinodes' nie. Die 'gebiedsklassisse' stuur afgevaardigdes na die 'streeksinodes'. 'n 'Streeksinode' is dus weer 'n gemeenskaplike meerdere vergadering van die Afrikaans- en Zulu-sprekende kerke. Die kerke in die 'streeksinodes' kom in die meeste vergadering van die kerkverband, die 'sinode', saam.

Die voorgestelde struktuur is in die *Handelinge* beskryf en selfs skematies voorgestel.³

Die voorstel het twee uitgangspunte. Die Sinode neem in die ontwerp van die nuwe struktuur sowel die naburigheid van kerke⁴ as die 'taal- en kultuurverskille' in ag.

Die getal meerdere vergaderings in die betrokke klassikale en partikulier-sinodale verbande verdubbel: 'n Klassis binne 'taal en kultuur'-verband plus 'n 'gebiedsklassis' en net so 'n afsonderlike 'sinode' in 'taal- en kultuur'-verband plus 'n gemeenskaplike 'streeksinode'. Taalverskille wat tot nie- of misverstaan aanleiding kan gee, behoort oorbrug te word deur in die gesamentlike meerdere vergaderings die hulp van vertalers in te roep.

Die Sinode vind hierdie wyse van kerklike samelewing (hy gebruik die woord 'kerkregering') skriftuurlik.⁵ Gevolglik benoem hy deputate om met ander nasionale sinodes in gesprek te tree oor "n wyse waarop kerke mekaar binne" en "buite taal- en kultuurverband, in kerkregering bevredigend kan bestaan."⁶

Die volle werklikheid

Een van die sondes in ons moderne samelewing is die verdoeseling of selfs die ontkenning van die werklikheid. Politici stel Suid-Afrika voortdurend voor as 'n nie-rassige samelewing. Hulle beperk die verskille net tot velkleure. Onder die velle is almal in die 'reënboognasie' eenders. So word die werklikheid van ons veelrassige samelewing ontken, asook die gevare wat dié werklikheid bedreig. 'n Veelrassige samelewing stel naamlik as sodanig al die inwoners voortdurend bloot aan die kwaad van rassisme, ook in die kerklike lewe. God die HERE haat rassisme, die sonde van aanneming van die persoon en van partydige optrede wat onmiddellik daaruit voortvloei.⁷

Die verdoeseling van die werklikheid is net so erg as die genoemde ontkenning daarvan. Die feite word onduidelik, onsuiver of onvolledig weergegee. Die volle werklikheid word nie meer in ag geneem nie. Die gevolg? Mense dink en handel nie meer realisties nie. Hulle 'lewe' in 'n gefantaseerde werklikheid, blind vir die feitlike stand van sake. Die Woord word op hulle skynwêreld toegepas. Die volle werklikheid en die fokus van die evangelie raak daardeur buite sig.

Wat van die Sinode-voorstel? Dit tipeer die verskille tussen gereformeerde kerke in ons veelrassige samelewing as 'taal- en kultuurverskille'. Is dit 'n weergawe van die volle werklikheid?

Die kerk in die diaspora

Ons leer in die Woord dat die HERE die volkere verdeel "om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het."⁸ In sy raadsplan en die uitvoering daarvan staan die vergadering van sy

volk, die bruidsgemeente van die Seun, sentraal in die wêreldgeskiedenis. Die Allerhoogste het in sy toekenning van erfdele aan die nasies "die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel,"⁹ sy eiendomsvolk.

Die Heilige Gees gebruik vier verskillende woorde om die omvang van die volkere-verseidenheid aan te dui. Die eerste Bybelboek vertel die verdeling van die volke "volgens hulle geslagte, na hulle tale, in hulle lande, volgens hulle nasies."¹⁰ Die uitvoerige tipering van die volkereverseidenheid vind ons ook in die laaste boek van die Skrif: "volke en stamme en tale en nasies".¹¹ Die kombinasie van die woorde stam, volk, taal en nasie dui op 'alle hoofgroepeerings van die mense volgens afkoms, taal, staat, leefwyse'.¹²

Die Here vergader sy kerk na die uitstorting van die Heilige Gees¹³ "uit elke stam en taal en volk en nasie."¹⁴ Die verskille in afkoms, taal, staat en leefwyse verdwyn nie in die kerklike lewe nie. Met die oog op die sendingbevel "maak dissipels van al die nasies"¹⁵ merk 'n teoloog op: "Het NT denkt over de kerk niet zozeer kwantitatief als wel etnisch-eschatologisch."¹⁶

Binne 'n volk kan taal- en kultuurverseidenheid voorkom. Ons sien dit byvoorbeeld by die Friese, Groningse, Limburgse en ander groepe Nederlanders, asook by die Vlamingse en Franse Belge. Daar is meer as taal en kultuur wat 'n volk tot 'n volk maak. Verseidenheid van volke kom onder meer uit in hulle nie-gemeenskaplike geskiedenis en gevolglik in die aanvaarding van totaal verskillende, in baie gevalle selfs uiteenlopende leefwyses en geldende 'waardes'.

Die verseidenheid van kerklike lewe in die volkere doen niks af aan die eenheid van die kerke in die waarheid nie. So bely ons. Die een kerk van Christus (eenheid) is "nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi (verseidenheid). Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig."¹⁷ Saamgevoeg en verenig in een geloof wat alle kerke in die verstrooiing, in die diaspora, verbind.

Die verskil van die Afrikaans-, Zulu-sprekende en ander swart tale sprekende kerke is in die lig van die bostaande meer as net 'n taal- en kultuurverskil. In ons land bly daar in die lig van die Skrif 'n verseidenheid van volke, elkeen met sy eie geskiedenis, leefwyse, gewoontes, 'waardes'. Met minder mag ons nie volstaan om die werklike stand van sake aan te dui nie. Die feit dat die verskeie volke naby mekaar lewe, tot binne mekaar se klassikale ressorte, hef hulle verseidenheid nie op nie. Die nabyheid van volke wat mekaar weens hulle Godgegewe verseidenheid in baie opsigte nie kan verstaan nie, is die volle werklikheid wat die uitgangspunt behoort te vorm vir die manier van kerklike samelewing in ons land.

Die Sinode wat die verskille tot 'taal en kultuur'

³ 868.

⁴ KO, art. 41.

⁵ 870.

⁶ 870:4.2.1.

⁷ Jak 2:1-13.

⁸ Hand 17:26.

⁹ Deut 32:8.

¹⁰ Gen 10:5, 20, 31; vgl. vers 32.

¹¹ Op 11:9; vgl. 13:7.

¹² Aldus S Greijdanus. *De openbaring des Heeren aan Johannes*. Amsterdam: Bottenberg, 1925, p. 140. Sien ook die aanhalings uit en verwysings na woordeboeke en ander teologiese werke oor 'stam, volk, taal en nasie' in my *Yster en klei*: Suid-Afrikaanse volkereverhoudinge in die lig van die Skrif. Pretoria, TG van Wyk Drukkers, 1983, pp. 88-91, aantekeninge 5-14.

¹³ Hand 2:1-11. Let wel: Die Jode en Jodegenote wat almal Aramees en volks-Grieks, die Esperanto in dié dae, verstaan het, hoor nietemin die boodskap van die Heilige Gees elkeen in sy eie taal waarin hy gebore is. Die HERE openbaar hiermee onder meer dat die taalverwarring by die toringbou van Babel (Gen 11:7-8) nie op die Pinksterdag beëindig word nie. Die taalverseidenheid bly voortduur, ook in die kerk wat Hy wêreldwyd vergader. Vgl. hieroor my *Yster en klei* ..., pp. 25-30 en 53-63 oor die eeue-omvattende 'Babel-gees' wat verseidenheid probeer nivelleer.

¹⁴ Op 5:9; vgl. 14:6.

¹⁵ Matt 28:19.

¹⁶ FJ Pop. *Bijbelse woorden en hun geheim*, deel 2. 's Gravenhage: Boekencentrum, 1958, p. 129 (s.v. evangeliseren, punt 6).

¹⁷ NGB, art. 27.

¹⁸ KO, art. 51.

¹⁹ LH Wagenaar. *De groote Synode van 1618 op '19, en wat aan haar voorafging*. Utrecht: Ruys, 1909, bylage 2, p. XXVI

²⁰ Ibid.

²¹ *Handelinge . . .*, 1964, p 268:4. Die Sinode verwys bowendien na "die verhouding van die Alt Reformierte Kirche in Oos-Friesland (Wes-Duitsland) tot die generale sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland."

beperk, kom nie uit by die werklikheid van die verskeie volke in ons land nie. Hy peil nie die omvang van die verskille in die lig van die Skrif nie. Derhalwe gee hy in sy uitgangspunt vir die nuwe kerklike struktuur die werklikheid onvolledig weer.

Twee vrae kom na vore, 'n beginsel- en 'n praktiese vraag. Vraag een: Hoe behoort die kerke en die eenheid in geloof en volkereverskeidenheid as Godgegewe werklikhede in berekening gebring te word vir hulle kerklike samelewing? Vraag twee: Wat van gereformeerde kerke waar slegs 'taal- en kultuurverskille' in hulle midde bestaan (die standpunt van die Sinode)? Wat kan hulle kerkordelik ooreenkom om saam die eenheid in geloof te bewaar met inagneming van die bestaande 'taal- en kultuurverskille'?

By die beantwoording van dié twee vrae luister ons na ons gereformeerde vadere. Hulle het tog tot die samelewing in kerkverband ooreengekom? Het hulle moontlik ook besluite oor samelewing van kerke met 'taal- en kultuurverskille' geneem? Indien wel, hoe het ons vadere opgetree in dié situasie waarin ons volgens die Sinode ons bevind?

Die Dordtse Sinode as voorbeeld

Die bekende Sinode van Dordrecht (1618-1619) was 'n nasionale sinode. Daar is baie buitelandse afgevaardigdes genooi, veral om die leer van die Remonstrante te help beoordeel. Nogtans het hierdie Sinode homself nie as 'n ekumeniese konsilie beskou nie. Die kerkorde wat hy aanvaar het, reël dan ook uitsluitlik die samelewing van kerke binne die nasionale verband van die toenmalige Nederlande.

Die gereformeerde kerke in die wêreld wat aan die reëling van Dordrecht vasgehou het, kom nie in ekumeniese sinodes byeen nie. Hulle meeste vergadering is volgens hulle kerkordes die nasionale sinode. Die geloofseenheid met gereformeerde kerke buite die nasionale sinodale verband word bewaar deur korrespondensie of in 'n ander relasie, sonder om die selfstandigheid van die nasionale kerkverbande enigsins aan te tas.

As ons hierdie reël in ons land onderhou, kan ons as kerke in verskeie volkere ooreenkom: Laat ons met mekaar korrespondeer of weens ons nabyheid 'n relasie aangaan waarin die selfstandigheid van ons afsonderlike kerkverbande eerbiedig word. Ek meen dat die aanhalings uit die Skrif en die belydenis hierbo, asook 'n daarmee ooreenstemmende praktyk van gereformeerde kerke in die geskiedenis, genoegsaam die regmatigheid van die bestaande ekumeniese kerkverband in ons land, die samekoms van Die Gereformeerde Kerke in 'n algemene sinode,¹⁸ aantas. Hiermee is die eerste vraag hierbo beantwoord.

Wat vraag twee betref ... Selfs volgens die standpunt van ons Sinode dat die verskeie gereformeerde kerkgemeenskappe in ons land

slegs 'taal- en kultuurverskille' het, gee die kerkorde wat die Sinode van Dordrecht aanvaar het, waardevolle voorligting. In die tyd van hierdie Sinode was die Nederlande (die hendaagse Nederland en België) tweetalig. Die meeste burgers en kerklede het Nederduits gepraat. Dit is toe Duits genoem. Die minderheid se taal was Waals. Let wel: Al die burgers en kerklidmate was Nederlanders. Die verskil tussen die twee groepe Nederlanders was toe net - om dit in die bewoording van ons Sinode te sê - 'n taal- en kultuurverskil, nie 'n verskil van volke nie.

Wat het die Dordtse Sinode besluit? 'n Kerklike samelewing oor taal- en kultuurgrense heen, soos ons Sinode voorstel? Nee, die broeders kom toe tot 'n wyse van samelewing ooreen wat hulle in die oorspronklike Dordtse kerkorde in drie artikels vaslê. Artikel 51 bepaal: "Alzoo in de Nederlanden tweeërlei sprake gesproken wordt, is voor goed gehouden dat de Kerken der Duitche en Waalsche taal op haar zelve haar Kerkeraad, Classicale vergaderingen en particuliere Synoden hebben zullen." Uitsluitlik in die nasionale sinode kom alle kerke saam volgens artikel 50: Na die nasionale Sinode "zullen twee Dienaren en twee Ouderlingen uit elke particuliere Synode, beide van de Duitche en Waalsche sprake, afgezonden worden."¹⁹

Wat van Nederduitse en Waalse kerke in mekaar se nabyheid? Die Dordtse Sinode bepaal in artikel 52 van die kerkorde: "Is niettemin goedgevonden, dat in de Steden, waar de voorzeide Waalsche Kerken zijn, alle maanden sommige Dienaren en Ouderlingen van beide zijden vergaderen zullen, om goede eendracht en correspondentie met malkanderen te houden, en, zoveel mogelijk is, naar gelegenheid des needs met raad malkanderen bij te staan."²⁰

Die kerke in die verband van die Dordtse Sinode het ooreengekom hoe plaaslike kerke wat in taal verskil, mekaar sal bystaan in die bewaring van die eenheid in leer, diens en tug. Hierdie reëling kan algemeen oorgeneem word, sowel in gevalle van slegs 'taal- en kultuurverskille' as in die geval van korresponderende kerke in mekaar se nabyheid. Korresponderende kerke kom ooreen: Ons reik in ons geloofs- en kerklike eenheid hande na mekaar uit om mekaar - ten minste op versoek - in die bewaring van ons eenheid by te staan.

Die Sinode van 1964 het reeds na die Dordtse reëling van die kerklike samelewing in die geval van 'taal- en kultuurverskille' (dus nie volkereverskeidenheid nie) verwys.²¹ Nietemin blyk dit nie dat die Sinode van 1997 die Dordtse samelewings-reëling in sy oorweging van hierdie saak betrek het nie.

Die verdubbeling van meerdere vergaderings in die praktyk

Met volle handhawing van die prinsipiële besware teen die Sinode-voorstel sal dit by

uitvoering in die praktyk sterk weerstand ondervind. Eerstens sal die afgevaardigdes na die 'gebiedsklassisse', 'streeksinodes' en die gemeenskaplike 'sinode' ten spyte van aanwesige vertalers telkens weer op misverstande stuit. 'n Klinkklare bewys hiervan is die laaste Algemene Sinode waar die broeders wel mekaar se woorde, maar nie mekaar se gedagtes kon verstaan nie. Dié Sinode kon nie eers sy agenda ordelik afhandel nie.

Tweedens stuit die Sinode-voorstel op die beswaar dat die afgevaardigde predikante en ouderlinge se daaglikse werk in die gemeentes, hulle eintlike roeping, onder druk kom vanweë die voorbereiding en bywoning van dubbele klassisse en 'partikuliere sinodes'.

Derdens word die kerke wat finansieel reeds swaar met ramings belas is, nog swaarder belas deur die koste wat die verdubbeling van meerdere vergaderings en die vertaalwerk in dié vergaderings meebring.

Advies

Lidmate en kerke behoort in die lig van die bostaande die Sinode-voorstel oor die een kerkverband af te wys op grond van

- * die getuienis van die Skrif en die belydenis

oor die verskeidenheid van die Christelike kerke in die diaspora,

- * die gebrek aan bewys uit die Skrif en die belydenis in die voorstel en
- * die praktiese besware teen hierdie voorstel.

Die afwysing kan gepaard gaan met 'n alternatiewe voorstel. Dit beteken dat die kerke in die verskillende volkere van Suid-Afrika in die lig van die bogenoemde Skrifgetuienis, artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die praktyk van die samelewing van gereformeerde kerke in die geskiedenis ooreenkom om

- * as selfstandige kerkgemeenskappe korrespondensie met mekaar te voer of 'n spesiale relasie aan te gaan met eerbiediging van die selfstandigheid van die verskeie kerkverbande,
- * die kerkorde dienoreenkomstig aan te pas (dit beteken die terugkeer na ons oorspronklike kerkorde wat drie meerdere vergaderings bepaal) en
- * in ons unieke situasie waarin diaspora-kerke in mekaar se nabyheid lewe, betrokke plaaslike kerke uit verskillende volkere te stimuleer tot onderlinge bystand ter bewaring van die eenheid in leer, diens en tug.

MEDIESE ETIEK

Kloning?

Die kloning van 'n skaap (Dolly) uit 'n sel van 'n volwasse dier was 'n wetenskaplike deurbraak en het groot opslae gemaak in verskeie kringe. Vir die eerste keer is 'n soogdier met dieselfde genetiese inligting in die selkern as die volwasse dier gebore.

Hoe is dit moontlik? Is dit ook moontlik by mense? Wat is die agtergrond van kloning?

Wat sê die Bybel hieroor? Hierdie is vrae waarop ons as kinders van die HERE antwoorde moet gee.

Wat is kloning?

'n Liggaamssel (46 chromosome) van 'n skenkerdier word versmelt met die ontkerne eiersel van dieselfde of 'n ander dier om 'n nuwe sel te vorm met die volledige pakket genetiese inligting as die skenkerdier se liggaamssel. Die ontkerne eiersel het 23 chromosome gehad voordat die kern uitgehaal is. 'n Eiersel het die helfte van 'n normale sel se chromosome omdat dit tydens bevrugting met die spermsel versmelt wat ook 23 chromosome het. Na konsepsie is daar dus weer 46 chromosome. Die nuwe lewe verdeel dan om al die liggaamselle te vorm, elk

met 46 chromosome. Hierdie eiersel word in die baarmoeder van 'n moederdier geplaas om te groei.

Wat het dr Ian Wilmut en sy span navorsers gedoen?

Die doel van die eksperimente was om die kernmateriaal van een sel in 'n eiersel in te plant waarvan die kernmateriaal verwyder is. In eerste eksperimente is selle verkry uit die embrioniese skyfie van 'n 9 dae oue "Welsh mountain" skaap embryo¹. In die nuutste sukses is selle verkry uit die uier van 'n volwasse "Finn Dorset" skaapooi van 6 jaar oud². Na vele probeerslae is die kern van die uiersel verwyder en dmv mikrochirurgie oorgeplant in 'n eiersel van 'n surogaatmoeder. Die eiersel se kern is vooraf verwyder. Samesmelting van die skenkerkern en die surogaateiersel sowel as die aktivering van die eiersel is bewerkstellig deur 'n elektriese impuls. Dit is vasgestel dat by bevrugting van 'n eiersel die reaksie 'n elektriese impuls tot gevolg het³.

Die realiteit is dat die meeste lammetjies wat met hierdie tegniek gebore is spoedig dood is as gevolg van aangebore afwykings.

Dr JM Boon
Pretoria

- 1 Campbell KHS, Wilmut I et al. *Sheep cloned by nuclear transfer from a cultured cell line*. Nature:380, 1996; 64-6
- 2 Wilmut I, Schnieke AE. *Viable offspring from fetal and adult mammalian cells*. Nature : 385, 1997; 810-813.
- 3 Krauthammer C. *One doesn't expect.....* Time: March 10 1997; 46-7

- 4 Coghlan A. *One small step for a sheep, one giant leap into the unknown.* New Scientist, March 1 1997; 4-5
- 5 Beardsley T. *The start of something big?* Scientific American: May 1997; 10-11
- 6 Skotse navorsers kloon Polly met menslike geen. Beeld, 26 Julie 1997
- 7 Jochemsen H. *Klonen : een manipulatie buiten de orde.* In Perspectief: 1997;10: 7
- 8 H Staundinger, W Behler, *Chance und Risiko der Gegenwart.* Paderborn: F Schöningh 1976: 247,86

Die proses word dikwels in die pers as heel eenvoudig voorgestel. Dit is allermins so. Die feit dat 277 probeerslae nodig was voordat Dolly gebore is bewys dit.

Wat was die motivering agter die navorsing?

'n Farmaseutiese maatskappy (PPL Therapeutics) borg 33% van die eksperiment deur Wilmut uitgevoer ⁴. Hulle hoop om skape of beeste te kloon wat terapeutiese middels in hul melk afskei en later selfs varke met organe wat in mense oorgeplant kan word. Dit is die volgende stap - om te probeer om transgeniese diere te produseer wat 'n menslike geen bevat en nie deur die menslike immuunstelsel as liggaamsvreemd herken word nie ⁵. Die jongste nuus uit London is dat die Skotse wetenskaplikes, dieselfde wat Dolly gekloon het, nou 'n transgeniese lam met 'n menslike geen gekloon het met die naam van Polly. Dit maak die moontlikheid van diere wat farmaseutiese middels in hul melk afskei of organe produseer al hoe groter ⁶.

Hierdie wetenskaplike sukses is deur 'n geweldige hoeveelheid navorsing voorafgegaan. Daar is egter ook 'n filosofiese kultuurhistoriese agtergrond. Die feit dat 'n skaap in ons kultuur gekloon is, is nie net die gevolg van menslike nuuskierigheid en wetenskaplike tegniese ontwikkeling nie, maar ook die feit dat ons in ons kultuur op 'n spesifieke manier na die natuur begin kyk en daarmee begin omgaan het ⁷. Die natuurwetenskaplike metode reduseer tot 'n groot mate die volle werklikheid deur net na een aspek te kyk en nie die geheel in oënskou te neem nie. Die metode vra na die materiële aanpak van dinge, hoe iets werk en wat mens daarmee kan doen ⁸. Baie goeie dinge het hierdeur moontlik geword byvoorbeeld die produksie van voedsel en mediese behandeling. Die vraag na die oorsprong, sin en betekenis van dinge word egter nie gevra nie. Kom ons neem 'n voorbeeld: Die groei van gras kan bevorder word deur kunsmisstowwe, maar iemand wat 'n stuk land sien as 'n produsent van gras waarvan die opbrengs gemaksimaliseer kan word deur kunsmisstowwe kan die omgewing groot skade berokken. Die land word as 'n produksiemiddel gesien. Dit klink heel logies, maar baie van ons probleme is vandag as gevolg van 'n te simplistiese toepas van die resultaat van die natuurwetenskaplike metode. Die belangrikste van hierdie reduksie van die werklikheid is dat die wetenskaplike metode afsien van die Here in verhouding tot sy skepping. Die natuur word as godloos gesien. Die wetenskap maak dikwels in sy metode asof God nie bestaan nie. Dit is dan ook nie snaaks dat die verband tussen die skepping (natuur) en God ook nie in die resultate teruggevind word nie. Ons het in ons samelewing al hoe meer die skepping leer sien deur die bril van wetenskap en tegniek. Wat kan geproduseer en verbruik word? As iemand 'n rooi bril opsit, moet hy nie verbaas wees as hy slegs rooi waarneem nie. Dit is wat vandag

gebeur. Die visie op die normatiewe orde in die skepping is erg vertroebel. Die natuur word meer gemanipuleer as gewaardeer. Die werklikheid word gelykgestel met bruikbaarheid ⁹. So word ook na die genetica gekyk. Die mens wil met sy wetenskaplik-tegniese metode die hele werklikheid so beheers om so alle probleme wat voorkom op te los en materiële welvaart en geluk te waarborg.

Wat sê die Skrif?

Die Skrif is baie duidelik. Ons is deur God as rentmeesters op aarde aangestel om in verantwoordelikheid te heers, te bestuur, te bewerk en te bewaar. (Gen 1:28) Dit is 'n positiewe opdrag. As ons goeie rentmeesters wil wees kan ons nie anders as om met die bril van die Skrif na dié skepping te kyk nie. Daarsonder is ons visie beperk, vertroebel en eensydig. Dit gee ons 'n aktiewe roeping in God se skepping, ook met die tegniese wat ons mag ontwikkel.

God is soewerein oor lewe en dood. (Gen 1:26).

Luister wat sê Deut 32:39 : " Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie."

As God soewerein is, dan is sy wette ook soewerein. God eis gehoorsaamheid.

Die kundigheid wat ons ontvang moet gelei word langs God se bane. " Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het Ek jou voorgelê. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag." Deut 30:19

Die orde in die natuur is vir ons onmoontlik om te ontken. Die Skrif leer ons waar hierdie orde vandaan kom. Die wyse waarop iemand gebore word is 'n wonder van God (tot in fynste detail daarvan waarvan ons vandag bewus is) wat gebeur langs die natuurlike weg wat God gegee het tussen man en vrou (Gen 1en2). Dit is God se normatiewe orde in die skepping. Onvrugbaarheid kan ons met behulp van die insig wat ons het in die detail van God se skeppingswerk behandel net soos ander siektes. Maar ook hierdie kunsmatige voortplantingstegnieke moet binne die huwelik en sonder embryo-manipulasie plaasvind.

Die volgende beginsels kan neergelê word tov van kloning:

1. Konsepsie is God se handewerk. Hy gebruik daarvoor 'n manlike spermsel en vroulike eiersel. God is die outeur van ons nageslag. Hy belowe aan Abraham 'n nageslag soos die sterre aan die hemel. En Hy het dit ook gedoen en is steeds besig om dit te doen.
2. Lewe begin by konsepsie. Ons het dus die koninklike taak om die nuwe lewe wat met konsepsie ontstaan te beskerm.

3. Die HERE hou ons direk verantwoordelik vir ons genetiese nageslag.

Die kloon van mense en transgeniese diere is teen God se Woord. Kloning van diere binne die spesie om bv 'n groter en meer vrugbare bul te behou is op dieselfde vlak as baie ander tegnieke wat reeds lank al bestaan. Ons eet byvoorbeeld almal vandag tamaties wat so gemanipuleer is dat hulle langer vars bly. Ons sal ons egter bewus moet afvra in hoeverre hierdie manipulasies waaronder kloning as deel van ons rentmeesterskap gesien kan word ⁷.

As ons oog verloor vir God se norme in die skepping kry ons byvoorbeeld met die probleme van 'n gekloonde kind te doen. Wie sal die ouers van die kind wees? Geneties gesien sal die een wat die sel met die kern geskenk het, die ouer wees. Maar daar is ook 'n genetiese verwantskap met die een wat die ontkerne eisel geskenk het. Dit is nou duidelik dat die sitoplasma (selinhoud sonder die kern) van die eiersel ook genetiese materiaal bevat. En die vrou wat die gekloonde embryo in haar baarmoeder dra? Tegnies gesproke kan die vrou aldrie elemente skenk, die kern, die eisel en die baarmoeder. 'n Vrou sou dus haar eie identiese tweelingsuster kan baar. Die moontlikheid om 'n kopie van jouself te hê wat kan dien as skenker van organe word genoem. Dit is duidelik dat die orde in God se skepping omgekeer word. Die ouer-kind verhouding verander van 'n ontvanger-gawe verhouding na 'n maker-maaksel verhouding.

Dit is goed om ons te realiseer dat dit die resultaat is wat gekry word as daar al in die metodes waarop ons met die skepping werk, met God afgereken word. Ja, as God uit sy eie werklikheid uitgeredeneer word.

In die wetenskaplike wêreld pleit gesaghebbende persone soos Francis Crich en E.O. Wilson dat kloning nie verbied moet word nie. Die G-7 lande (met Rusland) het teen menslike kloning standpunt ingeneem vir sover dit gaan oor reprodutiewe kloning¹¹. Solank die embryo's nie in die baarmoeder ingeplant word om tot 'n kind te ontwikkel nie. Dieselfde standpunt word deur die etiekkommissie van die Europese gemeenskap en National Bioethics Advisory Committee van die VSA gehuldig. 'n Embrio is nie 'n mens nie, dit is die gevolgtrekking. Honderde embryo's word tans in laboratoria wêreldwyd geoffer aan die afgod van produksie en bruikbaarheid. Embrio's kan gebruik word om medisyn te maak. Hulle het ekonomiese waarde. Embrios kan gekloon word om weefsel te groei vir orgaanoorplanting. Die etiekkomitees wys dit nie af nie. Die gekloonde embryo word byvoorbeeld toegelaat om vir 'n kort rukkie te ontwikkel. Daarna word die embryo gedood en stamselle "geoes" om spesifieke weefsels te kweek met die oog op orgaanoorplanting¹². Menslike embryos word so gekannibaliseer met die oog op menslike genesing. Hierdie verskriklike manipulasie met embryos word verder geïllustreer deur hoe daar van ongeskikte embryos ontslae geraak word. Tegniese wat hierdie

gebreke vroegtydig opspoor maak dit moontlik (pre-inplantasie diagnostiek). Dit word genoem sekondêre voorkoming of optimalisering van die voortplantingsgedrag. Genetika word eugenetika. Ouers wat 'n verhoogde risiko het om 'n gebrekkige kindjie te hê, sal meer van bevrugting in 'n proefbuis gebruik maak om die moontlikhede van pre-inplantasie diagnostiek, eksperimente, seleksie of bewustelike afsterwe van die embryo moontlik te maak.

Nee, die HERE verbind hom so aan sy biologiese handewerk dat Hy die embryo 'n besielde individu maak met ewigheidsbetekenis. Dit benadruk ons enorme verantwoordelikheid. Ja, selfs voor konsepsie het Hy ons geroep met 'n spesifieke opdrag en taak.

Die weerstand van Europa en die VSA teen kloning van mense, is dus baie swak en sal nie standhou nie. Mense wat God in die wetenskaplike vraagstelling en metode buite rekening laat, moet nie verwag om Hom terug te vind in hul resultate nie. Wie ver van God sy weg wil gaan, stap op 'n donker afgrond aan... (Ps 73.) Die wetenskap het nodig om weer die volle werklikheid te beskou, met as sentrale motief, liefde tot God en die naaste. Daarom sal die vraag na God, die oorsprong van alles in alle erns weer gestel moet word. 'n Dienende en gehoorsame, eerder as oorheersende en ongehoorsame houding is nodig.

DIT IS TOTIUS

'n Biografie oor prof. JD du Toit (Totius) deur prof. VE d'Assonville. Hardeband, 284 bl + 32 bladsye foto's, bronneverwysings, naam- en saakregister. Prys: R75 (+ R5,50 posgeld en verpakking).

MAJUBA

2 Boeke oor Majuba deur prof. VE d'Assonville. Majuba (in Afrikaans) en Majuba (in Engels). Glanspapier, 38 foto-afdrukke. Elk R25 (+ R2,50 posgeld en verpakking). Ideale geskenk vir vriende.

DIE BOEK OPENBARING (31 preke)

Deur prof. VE d'Assonville (191 bl.). Prys: R30 (+ R3,50 posgeld en verpakking).

Bestel by

MARNIX

POSBUS 6276, WELTEVREDENPARK 1715
Tel. (011) 475-2839
Faks (011) 675-0610

9 Sutton A. *Consultation Paper on Cloning. Ethics and Medicine* 1998;14 : 33

BOEKRAK

Toekomstige wêreldgebeure in die lig van die Skrif

Soms is die inskripsie op die binneblad interessanter as die boek self. 'n Uitgawe van CWM du Toit met die titel *Toekomstige wêreldgebeure in die lig van die Skrif* is volgens die inskripsie as geskenk gegee deur die skrywer aan sy broer, JD du Toit (Totius). Die boek was uitgegee in 1949 deur die Vrye Christelike Gereformeerde Kerk te Frankfort, een van die aantal gemeentes dwarsoor die land wat vroeër as *Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis* bekend gestaan het. (Oor dié geskiedenis en die rol wat Ds S.J. du Toit daarin gespeel het, sien: *Die Gereformeerde Kerke onder die kruis in Suid-Afrika* van J.A.S. Oberholzer)

Die boek gee o.a. die skrywer se chiliastiese beskouing weer. 'n Beskouing wat hy met sy vader, S.J. du Toit gedeel het. Onder S.J. du Toit se invloed was die chilasme ook vry algemeen in die Kruiskerke aanvaar. En Totius? Hoe het die ander seun hierteenoor gestaan? Die boek uit JD du Toit se boekery is 'n aanduiding dat daar tog

pogings tot beïnvloeding was. Uit Totius se *Versamelde Werke* word ons nie veel wyser oor die skrywer se eie standpunte nie. In 'n reeks preke oor Openbaring word Openbaring 20 oorgeslaan. In 'n boekbespreking van K.Dijk se: *Het Rijk der duizend jaren* sluit hy af met die oordeel dat Dijk "in die chaos orde"gebring het. Met 'n ander anti-chilias, G Aalders (*Het herstel van Israel volgens het Oude Verbond*) stem hy slegs gedeeltelik saam. Dit sou natuurlik onbillik wees om te sinspeel dat Totius 'n chilias was. Was sy stilsy nie maar slegs te wyte aan 'n eerbied vir sy oorlede vader en sy broer nie?

Vir 'n goeie beoordeling van die chilasme lees gerus: *De Wederkomst van Christus* van G.C. Berkouwer

Boekrak word versorg deur Gustav Opperman. Vir die koop en verkoop van tweedehandse teologiese boeke kontak hom by 018 293-2590 (na ure) of e-pos ontgo@puknet.puk.ac.za. ??

Vir die koop en verkoop van tweedehandse teologiese boeke
kontak Gustav Opperman by 018 293-2590 (na ure) of e-pos ontgo@puknet.puk.ac.za

Digitale drukwerk is ook geskik vir u publikasies



printburo

Posbus 25316
Gezina 0031

Met Digitale drukwerk word die drukmasjien bestuur deur die rekenaar.

Daarom is dit nou moontlik om klein hoeveelhede ekonomies te druk. 'n Voorbeeld van Digitale drukwerk is dit wat u nou in u hande het.

Ons wil u graag help met die vervaardiging van u drukwerk.

Die eerste stap is die skryf en saamstel. Dit doen u dmv programme soos bv Microsoft Word. Indien u hulp nodig het met die saamstel van u publikasie, kan ons u van diens wees. Ons setters kan ook u kopie verwerk. In albei gevalle voorsien u ons van 'n kopie op Stiffie of CD of u maak gebruik van E-pos. Vandaar neem ons u sorg oor.

Wil u van bogenoemde diens gebruik maak, kontak vir Dirk by (012) 335-9134 of stuur 'n faks na (012) 335-9135.

Ons E-pos adres is: printbur@smarnet.co.za

Voorbeelde vir Digitale drukwerk: kerkblaai, kalenders, kursusmateriaal, boeke, vorms ens.